

## 1 Februarie

## Openbaring 1:4-8

### ***Die Here moet sentraal wees in jou lewe***

Openbaring is 'n boek wat openbaar, nie 'n boek wat bedek of verduister nie. Partykeer skram ons weg om hierdie boek te lees omdat ons dit nie reg lees nie. Om Openbaring reg te lees, moet jy verstaan dat hierdie boek eintlik iets van God wil openbaar. Hy wil vir jou leer om God beter te ken. Want as jy God beter ken, gaan jy minder probleme hê om jouself en die wêreld te verstaan.

In Openbaring 1 word die vertrekpunte gegee. Ons kyk na die kernsaak: Wie God en wie Jesus is. Jesus is sentraal in jou lewe as jy Hom erken en glo as jou Verlosser (verse 5 en 6). Hy is sentraal in jou lewe as jy onthou dat aan Hom die heerlijkheid en die krag behoort tot in alle ewigheid (vers 6). Hy is sentraal in jou lewe as jy onthou dat Hy weer kom en dat Hy die laaste sê het (vers 7). Jy moet Jesus erken as die Een wat jou verlossing en eindbestemming bepaal.

Dan kan jy ook God bely as die Alfa en die Omega (vers 8), die begin en einde van jou lewe. Hy is by jou, Hy was by jou, Hy sal altyd by jou wees. So beheer Hy ook die skepping en alle mense. Dit is wat Openbaring openbaar. Maar jy verstaan dit eers werklik as jy voor die Grote God te staan gekom het. Dan word jy en jou eie belange al kleiner en dan bely jy: God is groot, en dit is vir my genoeg. Is God werklik so groot in jou lewe?

Sing: Psalm 145:2,12

Dr. A.G.S. Venter (Randburg-Oos)